

ASSOCIATE™ 240 EC

FUNGICIDE

REG. NO/REG. NR. L10358 ACT/WET NO/NR 36 OF 1947
N-AR 1620

An emulsifiable concentrate systemic preventive and residual fungicide for the control of powdery mildew (*Uncinula necator* = *Oidium tuckeri*) in grapes.

'n Emulgeerbare konsentraat sistemiese voorkomende en nawerkende swamdoder vir die beheer van poeieragtige meeldou (*Uncinula necator* = *Oidium tuckeri*) in wingerd.

FUNGICIDE GROUP CODE

13 & 3

SWAMDODER GROEPKODE

ACTIVE INGREDIENTS / AKTIEWE BESTANDDELE

Proquinazid (Quinazolinone) 160 g/l Proquinazid (Quinazolinone)

Tetraconazole (Triazole) 80 g/l Tetrakonasool (triasool)

Nett volume 1 L Netto volume

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER
DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA (PTY) LTD
REG NO. 2009/0147079/07
34 Whiteley Road, Block B, 1st Floor, Melrose Arch
ATHOLL, 2196 SOUTH AFRICA

Batch Number Lotnommer

Date of manufacture Vervaardigingsdatum

UN NUMBER: 3077

Poisons Helpline: +27(0)861-555-777
Griffon Poison Information Centre: +27(0)82-446-8946
Local Emergency No: +27(0)82-895-0621 (SA only)
24 Hour Emergency Tel No: +32-3-575-5555
Information Hotline Tel No: +27(0)12 683-5700

Associate™240 EC/2020-11-11



Copyright © 2010 DuPont. All rights reserved. The DuPont oval logo, DuPont™, The miracles of science™ and ASSOCIATE™ are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WARNINGS:

WITHHOLDING PERIOD: minimum number of days between last application and harvest:

Wine Grapes	28 days
Table Grapes	28 days

Severe eye irritant. Can damage eyes.

Can irritate nose, throat and skin.

Harmful if swallowed, inhaled or absorbed through skin.

Suspected of causing cancer.

Keep out of reach of children, animals and uninformed persons.

Store away from food and feed.

Very toxic to aquatic organisms, may cause long-term adverse effects

RE-ENTRY: Do not enter treated area until spray deposit has dried, unless wearing protective clothing. Deadline for return of the workers on the land: 24 hours.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal, soil climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier immediately in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

Causes serious eye irritation. Avoid contact with eyes.

Suspected of causing cancer.

Very toxic to aquatic organisms, may cause long-term adverse effects

Deadline for return of the workers on the land: 24 hours

Avoid contact with skin or clothing.

In case of eye contact with concentrate wash immediately with plenty of water and seek medical advice.

In case of skin contact, wash with plenty of soap and water.

Do not eat, smoke or drink whilst mixing or applying the product or before washing hands and face.

Avoid contact and inhalation of the vapours (spray mist).

Precautionary measures: Give adequate ventilation to the premises where the product is stored and/or handled.

Respiratory protection: Not needed for normal use.

For worker protection during mixing and loading and application, wear protective clothing, goggles or a face shield and rubber gloves.

Always wash with soap and water after use and accidental skin contact.

Wash contaminated clothes after use.

Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

Wash sprayer out with clean water after use and before other chemicals are used. Do not contaminate water sources, pasture and crops by cleaning of equipment or disposal of wash water and wastes.

Avoid spray drift onto water sources, pastures and crops not to be treated.

Do not apply within 14 meters of water sources.

Triple rinse the empty container in the following manner: Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the empty container at least three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsate to the contents of the spray tank.

Destroy empty container by perforation and flattening and never re-use for any other purpose.

STORAGE:

Always keep the containers tightly closed.

Adequately ventilated premises.

Store in a place accessible by authorized persons only.

Keep out of the reach of children. Keep away from food, drink and animal feeding stuffs.

HANDLING:

Avoid contact and inhalation of the vapours.

Do not eat or drink while working.

Incompatible materials: None in particular.

Precautionary measures: Give adequate ventilation to the premises where the product is stored and/or handled.

Respiratory protection: Not needed for normal use.

Protection for hands: Use protective gloves that provides comprehensive protection, e.g. P.V.C., neoprene or rubber.

Eye protection: Use close fitting safety goggles and/or visor conforming to BS 2092 GRADE 1).

Protection for skin: Use clothing that provides comprehensive protection to the skin, e.g. cotton, rubber, PVC or viton.

FIRST AID:

Contact with skin:

Immediately take off all contaminated clothing. Areas of the body that have - or are only even suspected of having - come into contact with the product must be rinsed immediately with plenty of running water and possibly with soap.

Contact with eyes:

Wash immediately and thoroughly with running water, keeping eyelids raised, for at least 10 minutes. Following this, protect the eyes with sterile gauze or a clean, dry, handkerchief. **OBTAIN A MEDICAL EXAMINATION.** Do not use eyewash or ointment of any kind (before obtaining an examination or advice from an eye specialist).

Swallowing:

Induce vomiting. **SEEK A MEDICAL EXAMINATION IMMEDIATELY** and present the safety-data sheet. A suspension of activated charcoal in water, or liquid paraffin may be administered.

Inhalation:

Ventilate the premises. The patient is to be removed immediately from the contaminated premises and made to rest in a well ventilated area. Should the patient feel unwell, **OBTAIN MEDICAL ATTENTION.**

RESISTANCE WARNING:

ASSOCIATE™ 240 EC is a group code 13 (Proquinazid) **AND** 3 (Tetraconazole) fungicide. Cross resistance have also been demonstrated between **ASSOCIATE™ 240 EC** and group code 13 fungicides in some fungus species [e.g. *Erysiphe (Uncinula) necator*]. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **ASSOCIATE™ 240 EC** and other group code 13 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **ASSOCIATE™ 240 EC** or any other group code 13 fungicides.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with products from different fungicide group codes. Do not alternate **ASSOCIATE™ 240 EC** in spray programmes with fungicides belonging to group code 13.
- For tank mixing or alternation with products in fungicide group code M, refer to applicable individual product labels.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE:**USE ONLY AS DIRECTED**

ASSOCIATE™ 240 EC is a fungicide containing proquinazid and tetraconazole for the control of grape powdery mildew. Although **ASSOCIATE™ 240 EC** has curative properties, it is best used as a preventative treatment or in the earliest stages of disease development. In order to ensure good disease control, applications of **ASSOCIATE™ 240 EC** must be renewed at intervals depending on disease pressure and crop development. Ensure good spray coverage during application.

ASSOCIATE™ 240 EC shows excellent crop safety.

MODE OF ACTION:

Proquinazid is a new azanaphthalene fungicide with a novel mode of action extremely active on grape powdery mildew (*Erysiphe necator*). Proquinazid acts preventively on the fungus by inhibiting appressorium formation and spore germination. Proquinazid is a FRAC Group 13 fungicide.

Tetraconazole is a broad spectrum fungicide possessing protective, curative, and eradicator properties. It belongs to the triazoles chemical group and it is part of the SBI (Sterol Biosynthesis Inhibitors) group, acting by inhibiting the metabolic pathway leading to fungal sterol production.

It acts on the vegetative form of fungi blocking the growth of the pathogen mycelium, both outside and inside the treated plant. The product shows a very high and long lasting endotherapeutic activity. Tetraconazole is a FRAC Group 3 fungicide.

RESISTANCE MANAGEMENT:

It is recommended that **ASSOCIATE™ 240 EC** be used in a programme with other fungicides against powdery mildew. **The number of ASSOCIATE™ 240 EC applications must be limited to a maximum of three applications per season, of which no more than two applications of ASSOCIATE™ 240 EC should be applied consecutively in grapes.**

COMPATIBILITY:

ASSOCIATE™ 240 EC is compatible with a range of fungicides and insecticides used in grapes. **ASSOCIATE™ 240 EC** is compatible with Curzate® Pro (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L5698, Act No. 36 of 1947, **NAMIBIA** Reg. No. N-AR1129, Act No. 36 of 1947), Dithane® M-45 800 WP (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L2914 Act No. 36 of 1947), Dithane® M-45 800 WP NT (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L7484 Act No. 36 of 1947, **NAMIBIA** Reg. No. N-AR1043, Act No. 36 of 1947) and Dithane® 750 WG Neotec (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L4213 Act No. 36 of 1947) in tank mixtures.

It is always recommended to check the physical compatibility, making a little test before the application.

No label dosage rates should be exceeded. This product should not be mixed with any product containing a label prohibition against such mixing.

MIXING INSTRUCTIONS:

Prior to application, start with clean, well-maintained application equipment. **ASSOCIATE™ 240 EC** mixes easily with water and should be added directly to the spray tank during filling. Fill spray tank to 2/3 full of water. When it is present, add **ASSOCIATE™ 240 EC** directly to the chemical filler having the tank under agitation otherwise pour directly the needed quantity into the spray tank under agitation. Then complete filling of the tank. Wash-out container and add washings to the spray tank. Continue agitation until spraying is complete. Use mechanical or hydraulic means.

Spray immediately after preparation. Observe the most restrictive of the labelling limitations and precautions of all products use in mixtures.

SPRAY DRIFT WARNING:

Special care must be taken to avoid spray drift outside the target area, or onto ponds, waterways or ditches.

Applying large droplets reduces drift potential but will not prevent drift if applications are made improperly or under unfavourable environmental conditions. It is the responsibility of the applicator to determine that a sprayer is suitable for the intended application, is configured properly and that drift is not occurring.

RAINFASTNESS:

The rain fastness is 2-4 hours

SPRAY TANK CLEAN-OUT:

Take all necessary safety precautions when cleaning equipment. Do not clean near wells, water sources or desirable vegetation.

After the end of application of **ASSOCIATE™ 240 EC** thoroughly rinse sprayer and flush hoses, boom, filters and nozzles with clean water to reduce the risk of forming hardened deposits which might become difficult to remove.

Clean all other associated application equipment. Drain the tank. Dispose of waste rinse water in accordance with local regulations.

INTEGRATED PEST MANAGEMENT:

DuPont support the use of Integrated Pest Management (IPM) programs to control pests/diseases/weeds. **ASSOCIATE™ 240 EC** may be used as part of an IPM program, which can include biological, cultural, and genetic practices, aimed at preventing economic pest/disease/weed damage. IPM principles and practices include field monitoring or other detection methods, correct target pest/disease/weed identification, population monitoring, rotation of products with different modes-of-action, and treating when target pest/disease/weed populations reach locally determined action thresholds. Consult your local cooperative extension service, professional consultants or other qualified authorities to determine appropriate action treatment threshold levels for treating specific pest-disease-weed/crop or site systems in your area.

APPLICATION RATES:

CROP / DISEASE	DOSAGE/ 100 ℓ WATER	REMARKS
GRAPES (WINE & TABLE): Powdery mildew (<i>Uncinula necator</i> = <i>Oidium tuckeri</i>)	25 ml	<p>Apply ASSOCIATE™ 240 EC in a 14 day preventive spray program from 5-10 cm shoot length to 28 days pre-harvest (NB: for export grapes refer to NOTE 1 below).</p> <p>Recommended spray mixture volumes per ha:</p> <ol style="list-style-type: none">1. 5-10 cm shoot lengths up to flowering: 500-750 l.2. From flowering to pea-size: 1000-1200 l3. From pea-size to 28 days prior to harvesting: 1200- 1500 l. <p>Ensure thorough coverage of the bunches.</p> <p>Do not exceed a maximum of three applications of ASSOCIATE™ 240 EC per season and do not apply more than two ASSOCIATE™ 240 EC applications consecutively.</p> <p>Allow 28 days between last application and harvest.</p>
<u>NOTES:</u>		
<ol style="list-style-type: none">1. The withholding period i.e. number of days between last application and harvest, meets local residue limits (MRL's), but may not necessarily meet all MRL's required for export.2. Also refer to the RESISTANCE WARNING section on this label.		

ACKNOWLEDGEMENT OF REGISTERED PRODUCTS:

- Associate™ 240 EC (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L10358, Act No. 36 of 1947, **NAMIBIA** Reg. No. N-AR1620, Act No. 36 of 1947) and Curzate® Pro (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L5698, Act No. 36 of 1947, **NAMIBIA** Reg. No. N-AR1129, Act No. 36 of 1947) are the registered products of E I DuPont de Nemours & Co
- Dithane® M-45 800 WP (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L2914 Act No. 36 of 1947), Dithane® M-45 800 WP NT (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L7484 Act No. 36 of 1947, **NAMIBIA** Reg. No. N-AR1043, Act No. 36 of 1947) and Dithane® 750 WG Neotec (**SOUTH AFRICA** Reg. No. L4213 Act No. 36 of 1947) are the registered products of Dow Agrosiences.

WAARSKUWINGS:

ONTHOUDINGSPERIODE: Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes:

Wyndruiwe	28 dae
Tafeldruiwe	28 dae

'n Erge oogirritant. Kan oë beskadig.

Kan neus, keel en vel irriteer.

Skadelik indien ingesluk, ingeasem of deur vel geabsorbeer word.

Vermoedelik karsinogenies.

Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.

Bêre apart van voedsel en voer.

Uiters giftig vir vis en waterlewende organismes.

HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale, grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

Uiters giftig vir vis en waterlewende organismes, kan langtermyn nadelige gevolge hê. Spertyd vir die terugkeer van die werkers na die land: 24 uur

Vermyn oogkontak. Ingeval konsentraat in oë kom, was onmiddellik met volop water en kry mediese advies.

Vermoedelik karsinogenies, vermyn dus kontak met vel en klere. In die geval van aanraking met vel, was met oormaat seep en water.

Moet nie eet, rook of drink terwyl die produk gemeng of toegedien word nie of voordat die gesig en hande nie gewas is nie.

Moet nie die spuitnewel inasem nie. Voorkomende maatreëls: Verskaf voldoende ventilasie in die perseel waar die produk gestoor en / of hanteer word.

Respiratoriese beskerming is nie nodig vir normale gebruik nie.

Vir die beskerming van werkers tydens vermenging, hantering en toediening, dra beskermende klerasie, 'n beskermende bril of gesigskerm en rubberhandskoene.

Was altyd met seep en water na gebruik en na toevallige velkontak.

Was besmette klere na gebruik.

Verhoed besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.

Was toedieningsapparaat uit met skoon water na gebruik en voordat dit vir ander middels gebruik word. Verhoed besoedeling van waterbronne, weiding en ander gewasse tydens skoonmaak van apparaat of met waswater.

Voorkom spuitnewelwegdrywing na waterbronne, weiding en gewasse wat nie behandel word nie.

Moet nie toedien binne 14 meter van waterbronne nie.

Spoel die leë houer driekeer as volg uit: Keer die leë houer om oor spuit- of mengtenk en dreineer vir 30 sekondes na die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer minstens drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houer en voeg by die inhoud van die spuittenk.

Vernietig die leë houer deur gate in te kap en plat te druk en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

STOOR:

Hou altyd die houers dig toe.

Stoor in 'n goed geventileerde perseel.

Berg in 'n plek wat slegs vir gemagtigde persone toeganklik is.

Hou buite die bereik van kinders. Stoor weg van voedsel, drank en dierevoeding.

HANTERING:

Vermyn kontak en inaseming van dampe.

Moet nie eet of drink terwyl jy werk nie.

Onverenigbare materiale: Geen in die besonder.

Voorkomende maatreëls: Verskaf voldoende ventilasie in die perseel waar die produk gestoor en / of hanteer word.

Respiratoriese Beskerming: Nie nodig vir normale gebruik.

Handbeskerming: Gebruik beskermende handskoene wat omvattende beskerming bied, bv P.V.C., neoprene of rubber.

Oogbeskerming: Gebruik veiligheidsbril en oogskerm wat voldoen aan BS 2092 (GRAAD 1).

Velbeskerming: Gebruik klere wat omvattende beskerming bied aan die vel, bv katoen, rubber, PVC of Viton.

NOODHULP:

Kontak met die vel:

Verwyder onmiddellik alle besoedelde klere. Dele van die liggaam wat in aanraking was met die produk, of selfs net vermoedelik in aanraking was daarmee, moet onmiddellik afgespoel word met baie lopende water en seep.

Kontak met oë:

Spoel onmiddellik en deeglik met lopende water vir ten minste 10 minute terwyl ooglede oop gehou word. Hierna moet die oë met steriele gaas of 'n skoon, droë, sakdoek beskerm word. **ONDERGAAN MEDIESE ONDERSOEK.** Moenie oogdruppels of salf van enige aard gebruik voor die verkryging van 'n ondersoek of advies van 'n oogspesialis nie.

Sluk:

Induseer braking. **ONDERGAAN ONMIDDELIK MEDIESE ONDERSOEK** en verskaf die veiligheidsblad (MSDS) 'n Suspensie van geaktiveerde houtskool in water, of vloeibare paraffien kan toegedien word.

Inaseming:

Ventileer die perseel. Die pasiënt moet onmiddellik van die besmette perseel verwyder word en gemaklik gemaak word om te rus in 'n goed geventileerde area. Indien die pasiënt sleg voel, kry mediese hulp.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

ASSOCIATE™ 240 EC is 'n groepkode 13 (Proquinazid) **EN 3** (tetraconazole) swamdoder. Kruisweerstand tussen **ASSOCIATE™ 240 EC** en groepkode 13 swamdoders in sommige swamspesies [bv. *Erysiphe (Uncinula) necator*] is bewys. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **ASSOCIATE™ 240 EC**, of enige ander groepkode 13 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **ASSOCIATE™ 240 EC** of enige ander groepkode 13 swamdoders beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes. Moet nie **ASSOCIATE™ 240 EC** in spuitprogramme met groepkode 13 swamdoders, afwissel nie.
- Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in swamdodergroepkode M.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS:**GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

ASSOCIATE™ 240 EC is 'n swamdoder met Proquinazid en Tetraconazole vir die beheer van witroes op druive. Hoewel **ASSOCIATE™ 240 EC** genesende eienskappe het, word dit hoofsaaklik gebruik as 'n voorkomende behandeling in die vroeë stadiums van siekte ontwikkeling. Ten einde goeie siekte beheer te verseker, moet behandelings met **ASSOCIATE™ 240 EC** met tussenposes afhangende van siektedruk en gewasontwikkeling hernu word. Verseker goeie bedekking tydens behandeling. **ASSOCIATE™ 240 EC** is baie veilig vir aanbevole gewasse teen aanbevole dosisse.

WYSE VAN WERKING:

Proquinazid is 'n nuwe azanaphtalene swamdoder met 'n unieke wyse van werking op druiwe witroes (*Erysiphe necator*). Proquinazid tree voorkomend op teen die swam deur appressorium vorming en spoor ontkieming te inhibeer. Proquinazid is 'n FRAC Groep 13 swamdoder.

Tetraconazole is 'n breë spektrum swamdoder met beskermende, kuratiewe en uitwissende eienskappe. Dit behoort aan die triasool chemiese groep en is deel van die SBI (Sterool Biosintese Inhibeerders) groep wat optree deur die metaboliese baan wat lei tot swam sterool produksie te inhibeer.

Dit tree op teen die vegetatiewe vorm van swamme en blok die groei van die patogeen miselium, beide binne en buite die behandelde plant. Die produk toon 'n baie hoë en langdurige interne terapeutiese aktiwiteit. Tetraconazole is 'n FRAC Groep 3 swamdoder.

WEERSTANDBESTUUR:

Dit word aanbeveel dat **ASSOCIATE™ 240 EC** in 'n program met ander swamdoders teen witroes gebruik word. Die aantal **ASSOCIATE™ 240 EC** behandelings moet beperk word tot 'n maksimum van drie toedienings per seisoen, waarvan nie meer as twee toedienings van **ASSOCIATE™ 240 EC** opeenvolgend op druiwe toegedien moet word nie.

VERENIGBAARHEID:

ASSOCIATE™ 240 EC is verenigbaar met 'n verskeidenheid swamdoders en insekdoders wat op druiwe gebruik word. **ASSOCIATE™ 240 EC** is verenigbaar met Curzate® Pro (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L5698 Wet Nr. 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR1129 Wet Nr. 36 van 1947), Dithane® M-45 800 WP (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L2914 Wet Nr. 36 van 1947), Dithane® M-45 800 WP NT (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L7484 Wet Nr. 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR1043 Wet Nr. 36 van 1947) en Dithane® 750 WG Neotec (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L4213 Wet Nr. 36 van 1947) in tenkmengsels.

Dit word altyd aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen. Maak 'n bietjie aan voor die behandeling.

Moet nooit die etiket dosisse oorskry nie. Hierdie produk moet nie vermeng word met enige produk wat 'n etiket verbod teen sodanige vermenging het nie.

MENGINSTRUKSIES:

Voor behandeling, begin met skoon, goed onderhoude spuittoerusting.

ASSOCIATE™ 240 EC meng maklik met water en moet direk by die spuittenk gevoeg word tydens volmaak.

Maak die spuittenk 2/3 vol water.

Voeg **ASSOCIATE™ 240 EC** direk in die spuittenk met water terwyl geroer word.

Vul die tenk.

Was die houer en voeg die waswater by die spuittenk.

Hou aan roer totdat bespuiting voltooi is.

Gebruik meganiese of hidroliese manier van roer.

Spuit onmiddellik na die voorbereiding van die mengsel.

Neem die mees beperkende van die etiketbeperkings en voorsorgmaatreëls in ag van alle produkte gebruik in die mengsel.

SPUITNEWEL VERSPREIDING:

Spesiale sorg moet geneem word om die wegdrywing van spuitnewel buite die doelgebied te vermy veral na damme, waterweë of slote.

Die toediening van groot druppels verminder die risiko van wegdrywing maar sal dit nie verhoed as behandelings onder ongunstige omgewingstoestande gemaak word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die spuitoperateur om te bepaal of die toestande gunstig is vir 'n behandeling en dat spuitnewel wegdrywing nie sal plaasvind nie.

REËNVASTHEID:

Die reënvastheid is 2-4 ure.

SKOONMAAK VAN SPUITTENK:

Neem al die nodige veiligheidsmaatreëls tydens die skoonmaak van toerusting. Moenie skoonmaak naby putte, waterbronne of wenslike plantegroei nie.

Na die behandeling met **ASSOCIATE™ 240 EC** spoel spuittoerusting deeglik uit met skoon water om die risiko van die vorming van geharde depositos wat moeilik is om te verwyder te verminder.

Maak alle verwante behandelingstoerusting goed skoon. Dreineer die tenk. Raak ontslae van afval spoelwater in ooreenstemming met plaaslike regulasies.

GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER:

DuPont ondersteun die gebruik van Geïntegreerde Plaagbeheer (IPM) programme om siektes te beheer.

ASSOCIATE™ 240 EC kan gebruik word as deel van 'n IPM program wat biologiese, kulturele en genetiese praktyke kan insluit wat gemik is op die voorkoming van ekonomiese siekte skade.

IPM beginsels en praktyke sluit in die veld monitering of ander opsporing metodes, korrekte teiken siekte identifikasie, monitering van bevolkings, rotasie van produkte met verskillende wyses van werking en die behandeling van die teiken siekte populasies wanneer plaaslik bepaalde optrede drempels bereik word.

Raadpleeg professionele konsultante of ander gekwalifiseerde owerhede om die nodige behandelingstappe of drumpelwaardes te bepaal vir die behandeling van 'n spesifieke siekte in jou area.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GEWAS/SIEKTE	DOSIS/ 100 L WATER	OPMERKINGS
DRUIWE (TAFEL & WYN): Poeieragtige meeldou (<i>Uncinula necator</i> = <i>Oidium tuckeri</i>)	25 ml	<p>Dien ASSOCIATE™ 240 EC in 'n 14 dae voorkomende spuitprogram toe op 5-10 cm lootlengte tot 28 dae voor oes (NB: vir uitvoer druiwe verwys na aantekening 1 hieronder).</p> <p>Aanbevole spuitvolumes per ha:</p> <ol style="list-style-type: none">1. 5-10 cm lootlengtes tot blom: 500-750 l.2. Van blom tot ertjegrootte: 1000-1200 l.3. Van ertjegrootte tot 28 dae voor oes: 1200-1500 l. <p>Verseker deeglike bedekking van die trosse.</p> <p>Moenie 'n maksimum van drie behandelings van ASSOCIATE™ 240 EC per seisoen oorskry nie en moet nie meer as twee ASSOCIATE™ 240 EC behandelings opeenvolgend toedien nie. Laat 28 dae toe tussen laaste toediening en oes.</p>
<p><u>NOTAS:</u></p> <ol style="list-style-type: none">1. Die onthoudingsperiode d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan plaaslike residuperke (MRL's), maar voldoen nie noodwendig aan alle uitvoer residuperke nie.2. Verwys ook na die WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket.		

ERKENNING VAN GEREGISTREERDE PRODUKTE:

- Associate™ 240 EC (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L10358, Wet Nr. 36 of 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR1620, Wet Nr. 36 of 1947) en Curzate® Pro (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L5698 Wet Nr. 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR1129 Wet Nr. 36 van 1947) is die geregistreeerde produkte van E.I. DuPont de Nemours & Co.
- Dithane® M-45 800 WP (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L2914 Wet Nr. 36 van 1947), Dithane® M-45 800 WP NT (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L7484 Wet Nr. 36 van 1947, **NAMIBIË** Reg. Nr. N-AR1043 Wet Nr. 36 van 1947) en Dithane® 750 WG Neotec (**SUID AFRIKA** Reg. Nr. L4213 Wet Nr. 36 van 1947) is die geregistreeerde produkte van Dow Agrosiences.